112/98

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# *THE SUPREME COURT OF APPEAL OF SOUTH AFRICA*

Saaknommer: 269/97

In die saak tussen :

**MULTILATERALE MOTOR-VOERTUIGONGELUKKEFONDS** Appellant

- en -

**JAN JOHANNES VAN WYK** Respondent

**Coram:** Vivier, Scott ARR **et** Ngoepe Wnd AR.

**Verhoor:** 23 November 1998

**Gelewer:** 27 November 1998

## UITSPRAAK

VIVIER AR

VIVIER AR:

Op Oukersaand 24 Desember 1991 het die respondent ("die eiser") ernstige liggaamlike beserings opgedoen toe hy by die Gordonia-hospitaal op Upington deur 'n kombi bestuur deur ene Williams, raakgery is. Die eiser het daarna 'n aksie teen die appellant ("die verweerder") ingevolge die bepalings van die Multilaterale Motorvoertuigongelukkefonds 93 van 1989 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling ingestel vir vergoeding vir die skade en verlies wat hy gely het as gevolg van sy beserings. By die aanvang van die verhoor het **Swart R** gelas dat die vraag van die veroorsaking van die botsing apart en vooraf beslis word en dat die vraag van die omvang van die eiser se skade oorstaan vir latere beregting. Na getuienis en argument op die eerste vraag aangehoor is, het **Swart R** beslis dat die verweerder teenoor die eiser aanspreeklik is vir 40 persent van sy skade en dat die

verweerder die koste in verband met die verkryging van hierdie bevel moet betaal. Die res van die geding is *sine die* uitgestel. Onmiddellik nadat die bevel gemaak is, het die verweerder 'n aanbod tot skikking ingevolge Hofreël 34(1) om 40 persent van die eiser se skade te betaal, wat op 19 November 1991 beteken is, tot die Verhoorhof se kennis gebring. In die lig hiervan het **Swart R** sy vorige kostebevel vervang met 'n bevel, die effek waarvan is dat verweerder aanspreeklik is vir koste tot 19 November 1991 en dat elke party daarna sy eie koste betaal. Hy het daarna aan die verweerder verlof verleen om teen die kostebevel na hierdie Hof te appelleer en verlof aan die eiser verleen om 'n teen-appèl teen die bevel op die meriete te rig.

Ek behandel eers die teen-appèl. Die algemene toneel by die hospitaal blyk uit die fotos wat voor die Verhoorhof geplaas is. 'n Betreklik smal geteerde toegangspad ("die toegangspad") van ongeveer 6

meter breed, lei vanaf die hoofstraat na die hospitaal se geboue-kompleks en draai skerp na links ("die linksdraai") voor die geboue na 'n breë geteerde terrein ("die terrein") agter die geboue, aan die regterkant waarvan daar parkeerplek vir motors is wat nie afgemerk is nie, en aan die linkerkant waarvan die pad met 'n sirkel tot reg voor die ingang van een van die hospitaalsale loop.

Slegs twee getuies, wie se weergawes lynreg bots, het by die verhoor oor die meriete getuig, ene Bosman namens die eiser en Williams, die bestuurder van die kombi, namens die verweerder.

Bosman se getuienis kan as volg saamgevat word. Die betrokke aand het hy 'n vriend in die hospitaal besoek en kort na agtuur het hy by die bogemelde ingang uitgekom en daar vertoef om na 'n koor te luister wat besig was om voor die saal te sing. Hy het gesien dat die eiser, wat hy geken het, ná hom by dieselfde uitgang uitkom en verby hom oor die terrein

na die parkeerarea stap. Die kombi het met die toegangspad in die rigting van die hospitaal teen 'n baie hoë spoed aangekom, om die linksdraai gegaan en regs na die parkeerarea afgedraai. Die draai na regs het dit laat tol en in die tolbeweging het die linker voorkant van die kombi die eiser se regterdy getref en hom ongeveer 5 meter deur die lug geslinger tot teen 'n heining waar hy bly lê het. Personeel van die hospitaal was feitlik onmiddellik op die toneel en het die eiser weggeneem. Die punt van botsing deur Bosman uitgewys, was net na die linksdraai soos die kombi gery het, en net regs van die toegangspad op die parkeerarea. Dit was ongeveer 50 meter weg van waar hy gestaan het. By daardie punt is daar geen sypaadjie, strepe of ander tekens om die grense van die pad of die parkeerarea aan te dui nie. Volgens Bosman se onbetwisde getuienis was die toneel goed verlig deur drie ligte wat op verskillende plekke in die omgewing gebrand het.

Williams het getuig dat hy in opdrag van sy pa, wat 'n taxi-eienaar is, die eiser vroeër die betrokke aand in die kombi na die hospitaal geneem het. Terwyl hy gewag het om die eiser weer terug te neem na sy huis het hy, vergesel van twee vriende, dorp toe gery om koeldrank te koop. Teen ongeveer tienuur die aand was hy met die toegangspad op pad terug na die hospitaal om die eiser te gaan oplaai. Sy spoed was ongeveer 20 kpu. Feitlik in die linksdraai het die eiser by 'n hek in 'n heining aan die regterkant van die pad uitgekom, oor die pad geloop en af van die pad beweeg aan Williams se linkerkant. Daar het die eiser skielik omgedraai en terugbeweeg op die teervlak van die pad sodat hy reg voor Williams se kombi beland het. Williams het getuig dat hy rem getrap en na regs probeer swenk het, maar dat hy nie die botsing kon vermy nie. Die linker voorkant van die kombi het die eiser getref en die linker voorste spieël en die voorruit van die kombi is gebreek. Waar die eiser getref is, het hy bly lê.

Een van Williams se passasiers het 'n verpleegster gaan roep om die eiser te kom help. Volgens Williams het hy die eiser vir die eerste keer gewaar toe hy reeds in die pad op die regterkant van die pad was. Volgens hom was die punt van botsing naby die linkerkantste rand van die teervlak van die pad.

Soos ek reeds daarop gewys het, verskil die weergawes van Bosman en Williams lynreg en is dit onversoenbaar met mekaar. So plaas Bosman oa die botsing op die parkeerterrein regoor die ingang van die saal terwyl Williams sê dat die botsing 'n hele ent daarvandaan op die toegangspad plaasgevind het.

Die Hof *a quo* het bevind dat die eiser nie bewys het dat die botsing plaasgevind het soos deur Bosman getuig nie. Dit ten spyte van die Hof *a quo* se bevinding dat Bosman as getuie 'n beter indruk as Williams gemaak het en dat laasgenoemde se weergawe in sekere opsigte onwaarskynlik was,

soos dat die eiser geen rede gehad het om hom by die hek te bevind wat blykbaar na die tering-afdeling lei nie, en dat hy omgedraai en sonder rede weer in die pad beland het. Die Verhoorhof het tereg Williams se suggestie dat die eiser in die pad teruggestrompel het omdat hy onder die invloed van drank was, verwerp.

Die Verhoorhof het 'n nadelige afleiding gemaak van die feit dat die eiser nie getuig het nie. In hierdie verband het die eiser se advokaat daarop gesteun dat dit uit die voorverhoor-samespreking en Bosman se getuienis blyk dat die eiser na die botsing gesê het dat hy niks van die botsing onthou nie. Die Verhoorhof wys egter daarop dat dit gemeensaak was dat die eiser op 4 Junie 1993 'n beëdigde verklaring gemaak het waarin hy haarfyn beskryf het hoe die botsing plaasgevind het. In die omstandighede van hierdie saak, waar dit gaan oor die aanvaarding van een van twee redelik moontlike verklarings van 'n botsing, was die Verhoorhof,

na my mening, geregtig om 'n nadelige afleiding te maak van die eiser se versuim om te getuig. Hy was teenwoordig by die verhoor. Die Verhoorhof wys verder tereg daarop dat stawing vir Bosman se getuienis oor die punt van botsing geredelik maklik verskaf kon gewees het deur die verpleegster wat volgens hom die eiser by die ongelukstoneel bygestaan het sowel as deur die opsteller van die padverkeer-botsingsverslag en plan aan wie die punt van botsing uitgewys is. Hierdie dokumente is as deel van 'n bundel dokumente voor die Verhoorhof geplaas maar geen getuienis is ooit daaroor gelei nie.

Die Hof *a quo* het gevolglik die saak beoordeel op die weergawe van Williams en bevind dat beide die eiser en Williams nalatig was. Die eiser was nalatig omdat hy die pad reg voor aankomende verkeer gekruis het. Williams was nalatig deurdat hy geen ag op die eiser geslaan het nie met die gevolg dat toe die eiser, wat aanvaar kan word nie doelbewus teruggedraai

het nie maar waarskynlik gestruikel het of sy balans verloor het, weer in die pad beland, Williams nie die botsing kon vermy nie.

Op appèl is namens die eiser betoog dat die oorwig van waarskynlikhede daarop dui dat die botsing plaasgevind het op die plek en wyse soos deur Bosman getuig. Ek stem nie saam nie. Bosman se weergawe gaan self mank aan verskeie onwaarskynlikhede waarvan ek enkeles noem. Dat Williams op so 'n smal pad en om so 'n skerp draai (volgens die foto's geoordeel is dit feitlik 'n 90 grade draai) in die nabyheid van heelwat mense wat ná die besoekure besig was om huiswaarts te keer, so vinnig gery het soos deur Bosman getuig, vind ek onwaarskynlik. Verder is sy beskrywing van Williams se draai wat in 'n tolbeweging ontaard het, onoortuigend. Dat hierdie beweging die eiser 5 meter deur die lug gestamp het en nog verder as die betonmuur hom nie gestuit het nie, soos deur Bosman getuig, is nog meer onwaarskynlik.

Namens die eiser is voorts betoog dat hy op Williams se weergawe nie oorsaaklik nalatig was. Weereens kan ek nie saamstem nie. Die eiser het die pad oorgesteek op 'n stadium toe dit gevaarlik was om dit te doen weens die nabyheid van aankomende verkeer. Selfs al het hy weer in die pad beland omdat hy gestruikel of gegly het, was hy nalatig deurdat hy so-iets behoort te oorsien het en homself genoeg tyd moes gelaat het om uit die pad van aankomende verkeer te kom. Hy het dit nie gedoen nie en sodoende die botsing veroorsaak. Na my mening het die Verhoorhof tereg sy nalatigheid op 60 persent beoordeel.

Ek behandel vervolgens die appèl teen die kostebevel. Ek het reeds genoem dat die aanbod tot skikking ingevolge Reël 34 (1) op Dinsdag 19 November 1991 op die eiser se prokureur beteken is. Die saak was vir verhoor ter rolle geplaas vir Maandag 25 November 1991 maar weens die nie-beskikbaarheid van 'n hof het die verhoor eers op Dinsdag 26 November

1991 begin. Uitspraak is dieselfde dag gegee en die volgende dag, 27 November 1991, is die kostebevel gewysig soos reeds gemeld.

Die algemene reël is dat die hof wat 'n kostebevel maak, 'n diskresie het wat met inagneming van al die omstandighede van die besondere saak uitgeoefen moet word. Dit is wesenlik 'n kwessie van billikheid teenoor beide partye. Met die uitoefening van die verhoorhof se diskresie kan slegs ingemeng word vanweë onreëlmatigheid of wanvoorligting of indien daar geen grond is waarop die kostebevel redelikerwys gemaak kon gewees het nie. Sien *Rondalia Assurance Corporation of South Africa Ltd v Page and Others* 1975 (1) SA 708 (A) op 720 C-D.

Ingevolge Reël 34(6) het die eiser 'n *spatium deliberandi* van 15 dae, maar dit beteken nie dat hy teen die aangaan van alle koste gedurende daardie tyd beskerm word nie. Die *spatium deliberandi* se invloed op die kostebevel is steeds onderhewig aan die verhoorhof se oorheersende

diskresie oor koste en hang af van al die omstandighede van die besondere saak, veral die stadium waarop dit gemaak word en die redelikheid van die eiser se optrede daarna. Sien *Omega Africa Plastics (Pty) Ltd v Swisstool Manufacturing Co (Pty) Ltd* 1978 (4) SA 675 (A) op 679 B-C.

Die aanbod is op 'n laat stadium gemaak. Selfs indien 'n faks-boodskap van die aanbod op Vrydag 15 November 1991 aan die eiser se prokureurs in ag geneem word (waarvan besonderhede nie voor die Hof *a quo* was nie en oor die geldigheid waarvan ek my nie uitspreek nie) het dit die eiser nog steeds min tyd gelaat om die aanbod te oorweeg. Geen rede is aangevoer waarom die aanbod so laat gemaak is nie. Die verweerder het tog lank reeds oor die verklaring van sy enigste getuie, Williams, beskik. Ek het reeds daarop gewys dat, volgens die Verhoorhof, Bosman as getuie 'n beter indruk as Williams gemaak het. Die eiser kon dus nie sonder vertroue gewees het dat hy sy saak sou kon bewys nie. Op die beste vir die

verweerder egter, was beide partye onredelik. In al die omstandighede is daar, na my mening, geen grond om met die Verhoorhof se uitoefening van sy diskresie in te meng nie.

Gevolglik word beide die appèl en teenappèl afgewys. Elke party betaal sy eie koste van appèl.

W. VIVIER AR

Scott AR)
Ngoepe Wnd AR) Stem saam.